


No. 35
Vrees Vannag
POLISIE EN SWERWER-SPEURDER REEKS
GERRIE RADLOFF

Obed draai links – maar hy hou aan met draai. So vinnig is die beweging dat hy die eerste van die twee teen die kakebeen getref het nog voordat hulle selfs daarvan bewus is dat hy hulle aanval. Die kêrel steier teen die ander vas, en toe nommer twee sy regterhand uit sy sak ruk, sink Obed se linkervuis in sy maag weg. Die man krul van pyn. Hy slaan sy hande oor sy maag saam en dit gee Obed geleentheid om die kêrel, Klaas, twee vinnige houe teen die kop toe te dien. In sy haastigheid om by Alan Dean se kantoor terug te kom, slaan hy so hard as wat hy kan.

Klaas val geruisloos agteroor en sy kop tref met 'n dowwe plofgeluid die muur.

Stofomslag: Chris du Plooy



## INHOUD


| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | „Die Baas wil jou spreek” | 3 |
| 2. | Die Swerwer-speurder word nuuskierig | 11 |
| 3. | Die Ontvangskomitee | 28 |
| 4. | Afspraak met die Dood | 41 |
| 5. | ’n Klop aan die deur | 52 |
| 6. | Vir ewig stil | 65 |
| 7. | Twee meisies verloor hul Geheue | 72 |
| 8. | Na ’n Ysige Graf | 83 |


## Hoofstuk 1

### “DIE BAAS WIL JOU SPREEK”

“Ek is bang, Bettie.”

Bettie de Lange aanskou haar vriendin verbaas. Haar kop is effens skeef gedraai en daar is ’n tergerige uitdrukking op haar gesig. Dit verdwyn egter toe sy bewus word van die dodelike erns in Myra Heyns se oë.

“Jy is laf, Myra!” roep sy gedemp uit. “Jy laat my koue rillings kry. Wat makeer jou?”

“Ek het jou reeds vertel wat my makeer, Bettie.”

“Maar ek het jou gesê jy jaag spoke op! Met hierdie belaglikheid sal jy eenvoudig veroorsaak dat jy jou werk verloor. Daar op die verhoog het jy jou wysie twee keer kwytgeraak.”

“Ek weet! Ek weet!” Myra Heyns kyk weer vlugtig en beangs oor die koppe van die menigte groepe en pare om die tafels in die dof verligte Paradise-Klub. “Ek kon nie helder dink nie. Gedurig het ek sy woedende oë voor my gesien.”

“Ou vetsak s’n?” Bettie de Lange lag spottend. “Hoe kan daardie Hymie Turok se oë ooit woedend wees? Hulle peul sover uit dat hulle sal uitval as hy hom te veel moet ontstel.”

Myra Heyns lag nie. Sy kyk nou reguit na haar vriendin en weer eens kan Bettie die ander se vrees aanvoel.

Hulle sit alleen by ’n tafel in een van die talle half-versteekte hoekies van die hoofvertrek. Alhoewel hulle albei werknemers van die Paradise-klub is, sou enigeen hulle aansien vir dames uit die beste woonbuurt van Johannesburg. Nadat hulle hul passies op die verhoog gemaak het en elk ’n deuntjie saam met ’n paar ander meisies gesing het, is dit hulle verdere plig om hier te kom sit vir die geval dat daar alleenlopende mans by die klub opdaag wat miskien lus voel vir ’n bietjie dans. Hulle word egter deeglik beskerm teen onaangenaamheid.

Hulle is feitlik van die res van die vertrek afgesonder. Die tafel naaste aan hulle is nog leeg, want dit is skaars twaalfuur. By die volgende tafel sit daar twee pare, maar hulle is so verdiep in hul eie prettigheid en grappies dat hulle blykbaar heeltemal onbewus is van die twee meisies in die hoek. Nogtans leun Bettie nader aan Myra toe sy besef dat sy hierdie saak met Myra moet uitpraat om haar sodoende te probeer kalmeer.

“Kyk Myra,” sê sy ernstig, “jy het tog al dikwels vantevore na

Hennie se kleedkamer toe gegaan."

"Natuurlik! Ons gaan almal soms met hom gesels. Dit is algemeen bekend dat geen meisie se reputasie skade kan ly deur 'n besoek aan Hennie se kleedkamer nie." Vinnig flits haar oë in die rigting van die verhoog waar 'n lang, skraal jongman sy lyf ritmies saam met die sagte musiek van die orkes swaai. Hy neurie hees 'n liedjie en af en toe wil dit voorkom asof hy binne in die mikrofoon sal klim. Hennie se lang, gekartelde hare hang tot laag in sy nek. "Hy was in elk geval nie daar nie."

"En wat daarvan?" roep Bettie uit. "Wil jy daarmee te kenne gee dat jy dus nie die reg gehad het om daar te wees nie?"

"Maar Hymie-hulle het natuurlik gedink dat die kamer leeg is, anders sou hulle nie voor die deur staan en praat het nie!"

"Luister, Myra," sê Bettie geduldig. "Ek kan regtig nie sien hoekom hy so kwaad ....."

"Hulle het blykbaar oor iets gesels wat ek nie mag gehoor het nie."

"En het jy iets daarvan gehoor?'"

"Nee! Maar hy glo my nie!" Weer kyk sy om haar heen. Haar oë rus 'n oomblik lank op die viertal by die tafel 'n entjie van hulle af. In daardie oomblik word sy bewus van die blik van een van die twee jong mans. Net vir 'n oomblik flits sy gelaatstrekke deur haar brein. Sy sien die swart borselkop en die bruin oë, maar wanneer hulle dadelik weg kyk asof die jong man beleefd genoeg is om te besef dat sy dalk mag dink dat hy haar aanstaar, vergeet sy hom en vervolg teenoor Bettie: "Toe Hymie by die deur inkyk en my daar sien, het dit gelyk asof hy beroerte wil kry. Hy het op my afgestorm en my begin beskuldig dat ek op hom spioeneer. Skielik egter was dit asof hy homself gekeer het. Hy het my gevra of ek gehoor het wat hulle gesels het, en toe ek my kop skud, het hy my toegesnou dat ek lieg. Hy het my uitdruklik versoek om nie huis toe te gaan voordat hy my weer gespreek het nie. Ek sê jou, Bettie" - Myra se gesig is naby dié van haar vriendin en haar oë is nou amper wild van vrees asof die toneel wat sy pas opgeroep het, die angs opnuut by haar aanwakker - "daar is iets aan die gang wat hom in die moeilikheid gaan bring en hy dink nou dat ek daarvan weet en dat ek dit dalk teenoor iemand sal uitblaker."

"Ag Myra," begin Bettie opreg, "ek dink nie dat jy ...." Sy hou op met praat toe 'n blanke kelner tussen die tafels deur in hulle rigting aangestap kom. Sy sien hoe dat Myra se hele houding verstyf, en ook vir haar is dit meteens asof die naderende man 'n soort van bedreiging vorm. Hy kom tot vlak langs hulle tafel en kyk na Myra Heyns.

"Hymie wil jou spreek," sê hy sag.

Soos 'n padda wat in 'n hoek vasgekeer is en hygend in die venynige oë van 'n reptiel staar, sit Myra Heyns agteruit in haar stoel. Bettie de Lange hou die twee beurtelings dop. Dit is asof sy ook agterkom dat daar meer in die kelner se woorde steek as bloot 'n versoek dat 'n werknemer 'n werkgewer moet gaan spreek.

"Ja," blaas dit oor Myra se lippe. "Ja. Sê vir hom dat ek kom. Ek kom dadelik."

Nog 'n oomblik lank kyk die kelner haar stil aan. Dan draai hy stadig om en stap stadig tussen die tafels deur met sy wit servet oor die linkerarm en 'n skinkbord teen sy regtersy vasgedruk.

Myra kyk na haar vriendin. Sy wil praat, maar daar kom geen geluid uit nie.

"Moenie laf wees nie, Myra!" roep Bettie meteens weer gedemp uit. Doelbewus probeer sy haar regruk asof sy hierdie skielik terneerdrukkend gevoel van haar wil afskud. "Niks kan met jou gebeur nie. Daar is honderde mense in die klub. Ek weet tog dat jy na hom toe gaan. Hy sal nie iets aan jou durf doen nie."

Nog antwoord Myra nie. Dit is asof die vrees haar denkvermoë aangetas het.

"Ek sal nie gaan ie," sê sy amper onhoorbaar. "Ek gaan nie daarheen nie, Bettie. Daardie man is gevaarlik." Sy staan op onderwyl sy praat. Van die leë stoel langs haar tel sy haar jas en handsak op. "Ek gaan huis toe."

"Ek kom saam, Myra."

"Nee. As jy ook opstaan, sal hulle weet dat ek wil ontvlug. Moenie ...."

"Ontvlug?" roep Bettie uit. "Waarvan praat jy, Myra?"

"Ek voel dit aan, Bettie," werp die meisie terug. "Bly sit. Dit is die enigste manier waarop jy my kan help."

Haar woorde dwing Bettie de Lange tot swye. Sy haal haar skouers op en maak geen aanstalte om op te staan nie.

Myra Heyns beweeg van die tafel af weg. Sy kyk in die rigting waarheen die kelner wat die boodskap gebring het, gestap het. Sy sien hom by die deur staan wat in die kombuis uitgaan. Hy kyk na

haar

Verward kyk sy weg en stap vinnig na die buitedeur se kant toe. In haar opgewondenheid stamp sy teen die stoel van een van die mersies van die groep wat naaste aan haar was.

Die meisie het golwende swart hare met 'n askleurige strokie in die voorste lokke. Sy kyk met laggende oë na Myra toe op.

"Ekskuus," roep Myra verbouereerd uit. "Ekskuus tog!"

Aan die anderkant van die tafel kom een van die mans orent. Sy word bewus van sy besorgde blik op haar. Sy merk selfs die vriendelikheid in die bruin oë.

"Kan ek u dalk tot hulp wees, Juffrou?" vra die man beleefd.

"Nee ... nee," antwoord sy haastig. "Nee ... Ek is op pad huis toe .... Dankie."

Blindelings stap sy tussen die tafels voort. Agter haar hoor sy die man sê:

"Dit het my voorgekom asof die dame nie wel voel nie, Maans."

"Ek weet nie, Obed," antwoord die ander. "Moontlik was sy maar ingedagte en het sy nie gekyk waar sy stap nie."

Dan is Myra buite hoorafstand. Weer neem die omgewing in haar gedagtes vorm aan. Sy sien die paar trappies links van haar wat oplei na die voorportaal. Aan die regterkant daarvan is die toonbank waar hoede en jasse gehou word. Daar staan een van die kelners en sy is meteens skerp bewus van sy deurdringende blik.

Nogtans stap sy voort. Toe sy haar voet op die onderste treetjie plaas, ruk haar liggaam wanneer die kelner van die toonbank af wegstaan en dit wil voorkom asof hy haar pad wil versper. So dreigend kom sy houding voor, dat sy vassteek. Skielik swaai sy regs en stap vinnig na die dameskleedkamers. Weer steek sy vas.

Hier het, tot haar uiterste ontsteltenis, nog een van die kelners stelling ingeneem. Dit is asof sy tussen die laggende, geselsende nagklubgangers skielik heeltemal alleen is - asof sy in 'n woud deur wilde, kruipende, naderende ongediertes omring is. Stadig draai sy om. Oral staan kelners wat haar aangluur. Net op een plek is dit asof daar 'n opening is. Dit is by die trappe wat teen die oorkantse muur oplei na die twee verdieping. Bo-aan daardie trappie aan die regterkant is die deur van Hymie Turok se kantoor.

Omstandighede dwing haar daarheen. Sy besef dat daar vir haar geen ander uitweg is nie. Hierdie gevolgtrekking laat haar ontspan -asof sy nou ook daarvan bewus word dat haar vrees miskien





ongegrond mag wees. Vlugtig kyk sy na die gaste om haar. Niemand is blykbaar van haar bewus nie. Almal is behep met hul eie genot en praatjies.

Uiterlik op haar gemak stap sy oor die vloer. Links van haar is die verhoog waar Hennie pas 'n deuntjie uitgestort het. 'n Flou, gebroke geklap begroet die stilte. Sy stap voort.

Aan die voetenent van die trappe aarsel sy. Bo, net anderkant Hymie se deur, staan Hans Frylink, 'n lang, maer man met benerige vingers. Hy staan as die koper van die klub bekend, want hy is verantwoordelik vir die meeste van die voorrade vir die kombuis sowel as die wynkelders. Inderdaad word sy soos 'n skaap in die kraal gekeer - in Hymie se kraal.

Daar is nou geen keer nie. Sy stap by die trappe op en met 'n hooghartige kyk in Hans se rigting, draai sy die knop van Hymie se kantoordeur. Sy stoot die oop en gaan in. Agter haar druk Hans Frylink in en maak die deur toe. Sy weet dat hy daar teen die muur bly staan, want toe sy oor die dik tapyt tot voor die lessenaar loop, hoor sy geen beweging agter haar nie.

Hymie Turok lig sy logge liggaam uit die stoel op. Met 'n duidelike opgeplakte glimlag dui hy 'n stoel aan.

"Sit, Myra," nooi hy vriendelik.

Sy kyk hom stil aan. Sy hang haar jas oor die stoel se leuning en gaan sit. Dan kyk sy na die gesette Nols Tresse wat op 'n stoel links van haar sit. Hy kyk egter op die vloer voor hom en haar blik draai terug na Hymie Turok.

"Jy het my laat roep," sê sy stadig.

"Ek het jou gesê dat ek jou sal wil sien voordat jy gaan."

"Waaroor?"

"Jy weet waaroor, Myra. Ek het reeds met jou daaroor gepraat." Doelbewus kontroleer hy sy stemhoogte. Hy probeer voorgee dat hy heeltemal kalm is, maar daar is 'n trilling in sy stem wat sy opgewondenheid verraai.

"Ek het jou in Hennie se kleedkamer reeds gesê dat ek niks gehoor het van wat julle gepraat het nie, Hymie," sê sy bedaard. "Ek dink jou houding is ietwat belaglik."

"As alles dan so belaglik is," werp hy vinnig terug, "kan jy my dan sê hoekom jy so pas deur se kant toe gemik het toe ek jou laat roep het?"

Sy kyk vinnig af. Daar is 'n blos op haar wange. Weer begin haar

hart onstuimig te klop en daar die gevoel van vrees wat sy nie heeltemal kan verklaar nie.

"Ek was bloot op pad kleedkamer toe," sê sy gedemp.

"Jy lieg, Myra!" Sy stem is skril. "Hoekom het jy dan omgedraai en hierheen gekom?"

"Jy weet hoekom, Hymie! Hoekom staan en vra jy my sulke dinge? Jy weet dat die kelners my sou gekeer het."

"Die kelners?" Sy oë boor in hare. "Die kelners?" herhaal hy stadig. "Hoekom dink jy dat hulle jou wou keer? Wat is daarmee verkeerd dat ek jou roep om my te kom spreek? Hoekom sou ek verwag dat jy nie dadelik sou kom nie?"

"Jy weet hoekom. Jy ...." sy hou op met praat. Van die skielike harde blik in sy oë kan sy aflei dat sy die verkeerde ding gesê het. Deur haar woorde het sy nou amper te kenne gegee dat sy gehoor het wat Hymie en die ander man daar voor die deur van Hennie se kleedkamer gepraat het.

"Dan weet jy ook, nie waar nie, Myra?" sê hy sag en onheilspellend. "Dan het jy gehoor wat ons gepraat het?"

"Ek het niks gehoor nie," hyg sy uit, want nou is die angs sterk in haar gemoed. "Ek het nie gehoor wat julle gepraat het nie. Blykbaar was dit dinge wat ek nie veronderstel was om te hoor nie!"

"Blykbaar," sis hy uit onderwyl hy om die lessenaar na haar toe aangestap kom. Sy swaar liggaam beweeg egalig soos 'n skip wat op kalm waters seil. Nols Tresse kom uit sy stoel orent en staan effens opsy asof hy bang is dat Turok hom onderstebo sal loop.

Myra beur teen die rugleuning van die stoel aan asof sy daardeur wil ontsnap. Sy gestalte buig oor haar soos 'n donker skaduwee. Sy wil gil maar die geluid stol op haar lippe toe sy dik hand met die kort vingers haar teen die wang vang en haar liggaam half uit die stoel oor die armleuning werp.

"Wat het jy gehoor?" blaf hy uit. "Wat het jy gehoor?"

"Niks." Sy snik onbeheersd. Haar hele liggaam ruk van die snikke.

Hy gryp haar aan die skouer en pluk haar orent. Weer klap hy haar hard teen die wang.

"Jy het gehoor wat ons daar gepraat het! Het jy gesien met wie ek gepraat het? Antwoord my!"

Snikkend skud sy haar kop heftig. Sy kan nie praat nie. Sy kyk





op, maar die vertrek en die mans voor haar is dof deur die wasigheid van haar trane. Dit is asof die hele toneel rooi word - asof iets binne in haar brein knak. Haar gesigspiere vertrek. Haar hele liggaam verstyf. Haar mond trek wyd oop, maar voordat die histeriese gil kan uitkom, tref Hymie Turok haar weer twee keer hard teen die kant van haar gesig sodat die geluid gesmoor word.

"Dit sal nie help dat jy skreeu nie!" snou hy haar toe. "Net so min soos dit jou sou gehelp het om daarbinne te geskree het. Die mense sou eenvoudig gedink het dat jy van jou kop af is. Ek sou jou in ieder geval hierheen laat bring het onder die voorwendsel dat ek 'n dokter ontbied om jou te ondersoek. Hier kan jy maar raas soveel jy wil. Niemand sal jou hoor nie. En hier sal jy ook nie uitgaan voordat ek die waarheid uit jou gepers het nie!"

Weer lig hy sy hand op. Myra het effens bedaar en instinktief druk sy terug teen die kussings.

"Wat help dit alles, Hymie?" vra Hans Frylink van die deur se kant af.

Hymie Turok se kop ruk op. Hy gluur die man woedend aan.

"Wat bedoel jy daarmee?"

"Sy het reeds te kenne gegee dat sy julle gehoor het," sê Frylink amper gevoelloos. "As sy nou moet erken dat sy agtergekom het waaroor julle praat, weet sy dat sy haar doodsvonnis onderskryf."

Met hierdie onderbreking het Myra Heyns slap oor die kant van die stoel neergeval. Weer skeur die rou snikkie deur haar keel.

"Ek het niks gehoor nie!" stoot sy gebroke uit.

"Wat doen jy dan aan die hand?" vra Turok sag, asof hy onbewys is van Myra se woorde.

"Watter alternatiewe is daar?"

'n Ruk lank is daar stilte in die vertrek. Turok kyk sy handlanger stip in die oë. Nols Tresse skuif sy voete ongemaklik rond.

Dan knik die vet man. Van agter af kom Flylink vinnig nader. Myra Heyns word bewus van die stilte. Dit is vir haar deurweek met gevaar. Haar snikke bedaar en sy ruk orent, maar dan tref die kolf van 'n pistool haar hard agter die kop, en sonder 'n geluid stort sy op die mat neer.

Sonder om selfs na haar te kyk, draai Hymie Turok om en stap na sy stoel agter die lessenaar. Hy gaan sit en onderwyl hy sy vingertoppe teenmekaar druk, kyk hy na die ander twee.

"Dit was jou voorstel, Hans," sê hy stadig. "Sorg nou dat jy

haar liggaam op so 'n manier verwyder dat daar nie agterdog op hierdie plek gewerp word nie."

"Wat van haar vriendin, Bettie de Lange? Sy weet dat Myra hierheen gekom het. Sy sal wonder wat gebeur het."

"Ek sal vir haar sorg," antwoord Hymie. "Ek sal 'n plan uitdink. Neem julle net hierdie vroumens hier uit. Doen deeglike werk. Ek is bevrees dat die baas nie baie hiervan gaan hou nie. Dit is die eerste keer dat daar iets verkeerd loop - en nou moet dit nog moord ook afgee."





## DIE SWERWER-SPEURDER WORD NUUSKIERIG

Soos dikwels die geval is tussen goeie vriende in aangename omstandighede, daal daar 'n stilte neer tussen die twee pare by die tafel 'n entjie van dié waar Bettie de Lange alleen sit en wag. Die musiek het pas opgehou en hulle het van die dansvloer afgekom. Elkeen het 'n slukkie van die heerlike koel vonkelwyn geneem en toe in die mymerende stilte verval. Tessa van Wyk kyk na die jong man langs haar. Hy het sy kelkie se steel tussen die duim en voorvinger van sy linkerhand. Sy elmboog leun op die tafelblad sodat die kelkie op dieselfde hoogte as sy gesig is. Hy kyk na die kleur van die wyn teen die lig. Hy kyk in die rigting van die tafel in die hoek waar een meisie alleen sit. Oorkant hom sit Maans du Preez, bestuurder van 'n weelderige hotel. Hy en Obed de Swardt is ou vriende. Hulle was saam op universiteit, hulle speel saam rugby en gaan dikwels saam op Obed se Bosveldplaas jag. Op hierdie oomblik kyk Maans voor hom op die tafel, en ook hy het die steel van sy kelkie tussen sy vingers beet. Hy draai die ligte glas al in die rondte.

Oorkant Tessa sit Talita Rode met die golwende swart hare en die askleurige strokie wat spoggerig bo haar voorkop krul. Tessa dink aan 'n ruk gelede toe Talita haar suster so wreed verloor het. Obed het die bende wat daarvoor verantwoordelik was, aan die gereg uitgelewer.

Tessa kyk terug na die man langs haar - die Swerwer-speurder, die man wat haar gereeld uitneem en wat tog nog so ver van haar af is dat sy hom skaars ken. Hy sit nou so op sy gemak en kyk na die wyn in sy kelkie. Tog weet sy dat daar dalk allerhande gewigtige probleme in sy brein kan ronddwaal. Sy weet watter ontsaglike konsentrasievermoë hy het.

Sy vind dit snaaks as sy oor Obed de Swardt se agtergrond dink. Hy het skatryk geërf. Sy vader was een van die vooraanstaande wynboere in die Paarl. Obed het 'n betalende plaas in die Bosveld waar 'n knap voorman sy belange behartig. Na 'n skitterende universiteitsloopbaan, het hy verder studeer in vakke soos sielkunde, sosiologie, kriminologie, en altesaam kan hy sewe tale vlot praat. Hy het 'n pragtige woonhuis in Linden, "Drie Gewels." Daar bring hy nou die meeste van sy tyd deur, hy tree as speurder op en alhoewel hy selde 'n fooi vir sy dienste vra, is hy altyd